# SÊ JOU SÊ!
# KONSEPSTRATEGIE OOR STAP EN FIETSRY

Die Stad Kaapstad nooi die publiek en belanghebbendes om kommentaar oor die konsepstrategie oor stap en fietsry te lewer.

Hierdie strategie is opgestel binne die konteks van wetgewing, beleide en strategieë op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak wat investering in voetganger- en fietsryverbeteringe sterk ondersteun vir die bevordering van toegang tot geleenthede en integrasie van vervoer en grondgebruik. Die opstel van die strategie is voorts gegrond op 'n literatuuroorsig waar die beste praktyke en suksesvolle strategieë vir die inwerkingstelling van aktiewe mobiliteit oor die wêreld heen ondersoek is. Hierdie oorsig het insigte van internasionale, Afrika- en Suid-Afrikaanse stede ondersoek om 'n raamwerk van globale beste praktyke in aktiewe mobiliteit saam te stel.

Hierdie strategie het ten doel om stap en fietsry as primêre, veilige, toeganklike en volhoubare vervoermetodes in Kaapstad te herposisioneer. Dit verg dus 'n verskuiwing van die term niegemotoriseerde vervoer na aktiewe mobiliteit, wat die nuwe term vir mensaangedrewe reis soos stap en fietsry is.

Die strategie is 'n bywerking en vervanging van die goedgekeurde fietsrystrategie van 2016 en die konsepstrategie oor niegemotoriseerde vervoer (NMT) (2017), en ondersteun en is pas met die geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP), die omvattende geïntegreerde vervoerplan (CITP), die strategie oor klimaatsverandering en die beleid oor universele toegang.

Die visie vir die strategie oor stap en fietsry is opgestel om die visie van Stad se CITP asook die IDP te ondersteun, en lui: "Kaapstad is 'n mensgerigte stad wat voorkeur aan stap en fietsry gee en en veilige, billike en waardige toegang tot geleenthede vir almal moontlik maak".

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf 14 November 2024 tot 14 Desember 2024 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

**Kommentaar, aanbevelings en insette kan soos volg ingedien word:**
- E-pos: urbanmobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing: 110242503)
- QR-kode: Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien of gaan na www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorlegging: By plaaslike subrade, plaaslike biblioteke of: Die Stad Kaapstad, eenheid vir openbare deelname, foyer H, 3de vloer, Kaapstad-burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad 8001 (meld verwysing: 110242503)
- Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat gestrem is en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle besware aan te teken en aan die Stad voor te lê. Kontak Zandile Mahlasela by Zandile.Mahlasela@capetown.gov.za of bel 021 400 5501.

**Die konsepstrategie oor stap en fietsry en beknopte opsomming sal ter insae beskikbaar wees by:**
- Stad Kaapstad-webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Alle subraadskantore en biblioteke

**Vir tegniese navrae kontak Dirk du Preez by 021 444 3805.**

bitly

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA130/2024**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Making progress possible. Together.**